higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 2

(2020012)

22 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen vir tekeninge, tensy anders aangedui is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Dit is die grootste mikroskyfie in die PR en sy hooffunksie is om data te verwerk:

A WTG-skyfie
B Mikroverwerker
C USB-skyfies
D Moederbord

1.2 Watter EEN van die volgende verteenwoordig NIE stabiele geheue in 'n rekenaar nie?

A ROM
B Hardeskyf
C WTG
D CD-ROM

1.3 Watter EEN van die volgende programme kan gebruik word om video's te redigeer?

A Adobe InDesign
B Pinnacle Studio
C CorelDraw
D Audacity

1.4 Hoe staan die groep rekenaartoerusting bekend wat die volgende insluit: stuurbal, optiese muis, raakskerm en laserwyser?

A Wysertoestelle
B Monitors
C Afvoertoestelle
D Randtoestelle

1.5 Watter EEN van die volgende kwalifiseer as rekenaarhardeware?

A Klankkaartdrywers
B Skype
C Windows-bedryfstelsel
D Sleutelbord

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n woord/item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Verdwynpunte	A	iets wat in die plek van iets anders staan
2.2	Geheuekaart	B	sagtewareprogram wat gebruik word om foto's te redigeer
2.3	Toon	C	die posisionering van voorwerpe in verhouding tot mekaar
2.4	Drievoet	D	skakerings van dieselfde kleur
2.5	Kommersiële foto's	E	'n toestel in 'n digitale kamera waarop foto's gestoor kan word
2.6	Photoshop	F	plat; parallel met die horison
2.7	Dokumentêre fotografie	G	foto's wat in tydskrifte, koerante, boeke en advertensies verskyn
2.8	Horisontale	H	'n stut vir 'n kamera
2.9	Storiebord	I	'n reeks sketse wat die rolprent/advertensie wys wat verfilm gaan word.
2.10	Simbool	J	foto's wat 'n opgawe van sosiale en politieke situasies bied
		K	waar parallelle lyne oënskynlik ontmoet wanneer dit in 'n perspektieftekening gewys word
		L	'n reeks geleidelike stappe

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die onderstaande lys te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

basislyn; PDF; kieslys; bladsykantruimtes; lae kamerahoek; lêerikoon; A4; roterend; templaat; piktogram; A2; invoer/importeer; resolusie; storiebord; beslissingsboom

3.1 'n Patroon wat gebruik kan word om soortgelyke uitlegte te skep

3.2 Die blanko/leë gedeeltes om die kante van 'n bladsy

3.3 Die bladsygrootte van 'n plakkaat

3.4 'n Lêerformaat waarin elektroniese dokumente vasgelê en gestuur word

3.5 Hoe gedetailleerd die reproduksie van die beeld is

3.6 'n Ikoon wat gebruik word om 'n rekenaardokument wat teks, beelde of programinligting bevat, te verteenwoordig

3.7 'n Lys opdragte in 'n program, gewoonlik volgens onderwerp gelys

3.8 'n Grafiese voorstelling van 'n besluitnemingsproses

3.9 Om 'n beeld of teks van 'n ander toepassing in in 'n program te beweeg

3.10 Draai om 'n vaste punt

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Verduidelik elk van die volgende begrippe:

4.1.1 Vryskut

4.1.2 Reflektorborde

4.1.3 Pixel

(3 × 2) (6)

4.2 Verduidelik wat onder elk van die VYF stadiums in die produksieproses verstaan word.

- Konsepontwikkeling
- Voorproduksie
- Produksie
- Naproduksie
- Verkope en verspreiding (5)

4.3 Identifiseer in die onderstaande lys die historiese kunsbewegings wat deur die beelde in VRAAG 4.3.1–4.3.5 voorgestel word en noem EEN kenmerk van daardie kunsbeweging.

- Art Nouveau
- Ekspressionisme
- Futurisme
- Die Kuns-en-Kunsvlytbeweging
- Popkuns
- La Belle Époque (Die Pragtige Era)
- Kubisme

4.3.1



4.3.2



4.3.3


BAL
du MOULIN ROUGE
PLACE BLANCHE
Tous les Soirs
& DIMANCHE JOUR
GRANDE FÊTE LES MERCREDIS & SAMEDIS

4.3.4



4.3.5



(5 × 2) (10)

4.4 Identifiseer elk van die volgende toestelle en dui aan waarvoor dit gebruik word:

4.4.1



4.4.2



(2 × 2) (4)
[25]

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die volgende voorbeelde van fotografiese beelde wat enkele van die visuele ontwerpelemente uit die fotografietuiste www.unsplash.com se gratis voorraad illustreer. Identifiseer die ontwerpelement in elke foto en gee EEN motivering vir jou antwoord.

5.1.1



5.1.2



5.1.3



5.1.4



5.1.5



(5 × 2) (10)

5.2 Verduidelik elk van die volgende tipografieterminologieë:

5.2.1 X-hoogte

5.2.2 Serif

5.2.3 Reëlspasie

(3 × 2) (6)

5.3 Noem VYF minimum regsvereistes met betrekking tot dit wat op 'n kosproduk se etiket moet verskyn. (5)

[21]

TOTAAL AFDELING B: 46

AFDELING C

VRAAG 6

6. 1 STORIEBORD

Skep 'n 6-raam-storiebord vir 'n advertensie vir die onderstaande produk. Jou teikenmark is kinders van 6–12 jaar oud.



Teken die templaat/sjabloon wat op die volgende bladsy voorsien word in jou ANTWOORDBOEK oor.

Die storiebord moet die volgende insluit:

- Identifiseer watter tipe aksie in elke toneel sal plaasvind.
- Identifiseer die dialoog wat tussen karakters plaasvind. (Maak seker AL die dialoog of die beskrywings onder elke raampie word ingesluit.)
- Sluit inligting oor kamerhoeke in.
- Illustreer aksie op 'n kreatiewe manier en gebruik pyltjies om rigting van beweging aan te dui.

Skryf onderaan die storiebord 'n paragraaf om jou idee vir die advertensie uiteen te sit. (8)

Storiebordontwerp
Advertensiekonsep vir First Choice MILKI

Raam 1

Dialoog: .....

Aksies: .....

Kamera & effekte: .....

Raam 2

Dialoog: .....

Aksies: .....

Kamera & effekte: .....

Raam 3

Dialoog: .....

Aksies: .....

Kamera & effekte: .....

Raam 4

Dialoog: .....

Aksies: .....

Kamera & effekte: .....

Raam 5

Dialoog: .....

Aksies: .....

Kamera & effekte: .....

Raam 6

Dialoog: .....

Aksies: .....

Kamera & effekte: .....

Konsep: .....

.....

.....

6.2 Bestudeer die volgende stel PowerPoint-skyfies.









6.2.1 Identifiseer die moontlike teikenmark van hierdie PowerPoint-aanbieding. (2)

6.2.2 Identifiseer DRIE ontwerpbeginsels wat in die bostaande PowerPoint-skyfies gebruik is.

Beskryf hoe elkeen daarvan die aanbieding beïnvloed. (3 × 2) (6)

6.3 Ontwerp 'n verpakking vir kinderpleisters vir 'n mediese handelsmerk genaamd Accu Medical.



Punte sal toegeken word vir die korrekte uitvoering van die opdrag en die gehalte van jou ontwerp.

Teken die templaat/sjabloon wat op die volgende bladsy voorsien word in jou ANTWOORDBOEK oor om die vraag te voltooi.

Verpakkingsontwerp



Sommige van die volgende inligting kan op die verpakking ingesluit word:

- www.accumed.co.za
- info@accumed.co.za
- Verskeidenheid kinderpleisters 30's
- OPPERVLAK Liggewig plastiek, waterdig en kan asemhaal
- SENTRALE KUSSINKIE Absorberende en kleefvrye materiaal
- GOM/KLEEFMIDDEL Hipoallergenies
- AANWYSINGS Wend op droë vel aan. Druk kante stewig vas.
- Ruil daagliks om.
- MOENIE HERGEBRUIK NIE.
- WAARSKUWING Moenie gebruik as individuele omhulsel beskadig is nie. (7)

6.4 'n Tekenrooster verdeel 'n beeld in klein blokkies wat in 'n groter of kleiner verhouding gereproduseer kan word.

Kopieer die roostertemplaat hier onder in jou ANTWOORDBOEK.



Maak die foto van die meisietjie groter deur die rooster wat jy in jou ANTWOORDBOEK gekopieer het, te gebruik.

Punte word toegeken vir die gehalte en netheid van jou tekening en die akkurate oorteken van die inhoud van elke blokkie. Moenie te lig teken nie en fokus op die skaduwees en ligkolle.



(6)
[29]

TOTAAL AFDELING C: 29
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou